**Donderdag 5 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 22:1-19**
**Die toekoms geoffer op die altaar van geloof**

Soms voel die beproewinge wat God oor ons pad bring, onmoontlik. Soos Abraham het ons baie keer planne wat ons self beraam om die beloftes van God te verewig. Ons dra die tekens van die verbond en ons vertrou dat God sal voorsien.

As God aan Abraham die opdrag gee om sy enigste seun Isak te offer, is dit niks minder nie as sy toekoms wat hy moet offer op die altaar van geloof. Abraham het nou geen ander keuse as om met Isak te praat oor sy geloof in God nie. Maar hy moenie net praat nie. Abraham moet sy seun, sy enigste seun leer wat dit waarlik beteken om te glo. Abraham vertrou dat God sal voorsien. Dat God vooruitsien. Dat God die toekoms self in sy hand hou. Tog staan die geloofsman met mes in die hand om sy toekoms te offer.

Wie van ons sal die toekoms, ons kinders net so verbrand op die altaarvuur van die wêreld? En tog gebeur dit so gereeld. Ons glo so maklik dat die toekoms iets is wat ons self kan bereik. Kinders word vertel hulle kan wees wat hulle wil? Die toekoms is nie ’n blote keuse wat ’n mens maak om te doen wat jy wil nie. Die toekoms is meer as dit. Isak, net soos Abraham, is ’n sondige mens wat met sy lewe moet betaal vir sy sonde. Isak is nie sondeloos omdat Abraham glo nie ... En die erfdeel wat God aan hulle gee, is meer as net die beloftes van hierdie aarde. God gee die grond en die nageslag, met die oog op die toekoms. Die seën van die verbond kan ook nie aan Isak toekom sonder dat hy met God versoen is nie. Met ander woorde, daar moet eers vir sy sonde betaal word ...

En om vir sy sonde te betaal, sal God self voorsien. Isak kan nie vir sy eie sonde betaal nie. Daar is ’n ram, in die takke, wat in die plek van Isak geoffer word. God gee ’n middelaar. Hy self voorsien die een wat versoening bring ... Abraham moet bereid wees om sy toekoms in die hande van die lewende God te plaas.

Wat is daar in u lewe wat vir jou meer kosbaar is as die lewe van die Seun van God? Laat ons dan op hierdie dag net soos Abraham na die altaar van God gaan, en ons kosbaarste besittings aan God toevertrou. Daarin toets Hy ons. Maar weet dan, die HERE sal self voorsien. Hy sal aan jou gee die Middelaar, die Versoener. So het God in sy groot liefde en barmhartigheid sy enige Seun gestuur om ons sondeskuld te betaal ... Dit is die grootste geskenk wat ons ooit sal ontvang, die heerlikste belofte wat ons reeds hier mag ontvang, en wat vir ons die toekoms oopsluit, is Jesus Christus ons Here.

*Sing: Psalm 36-1:2, 3*

*Ds. LJE (Lourens) Erasmus (Centurion)*